
UNIVERSITY EXAMINATIONS



UNIVERSITEITSEKSAMENS

UNISA university of south africa

# AUE303R
# RAE303T
# RAE323X

Mei/Junie 2009

## GEVORDERDE TEORIE VAN OUDITKUNDE EN DIE UITVOERING VAN DIE OUDITPROSES (OUDITKUNDE 303)

Tydsduur 2 Uur

100 Punte


**EKSAMINATORE**

| | |
|---|---|
| EERSTE | MEJ L FERREIRA |
| TWEEDE | MNR K JOUBERT |
| EKSTERNE | ME C STEYN |


**Gebruik van 'n nie-programmeerbare sakrekenaar is toelaatbaar**

HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT **AGT (8)** BLADSYE

Die vraestel bestaan uit die volgende vrae en hoofonderwerpe

| VRAAG | HOOFONDERWERP | PUNTE |
|---|---|---|
| 1 | Meervoudige keusevrae | 15 |
| 2 | Vooraanstellingsaktiwiteite | 10 |
| 3 | Die ouditproses en oudit prosedures | 40 |
| 4 | Analitiese oorsig en handelsvoorraad | 35 |
| | | 100 |

**LET WEL**

Alhoewel die hoofdoel van die eksamen is om 'n kandidaat se kennis en toepassing van die vakinhoud te toets, sal die eksaminator ook let op die kandidaat se vermoe om sodanige kennis in aanvaarbare geskrewe taal te organiseer en aan te bied

[BLAAI OM]

## VRAAG 1 **15 punte**

**VERLANG**

Kies vir elke onderafdeling van hierdie vraag slegs **een** alternatief wat volgens u die gepaste antwoord is Beantwoord die onderafdelings van hierdie vraag in numeriese volgorde, soos volg

**1.1** A
**1.2** B

(1½ punte per vraag)

**1.1** Kies die **korrekte** alternatief om die volgende sin te voltooi

Die algemene redelikheid van inkomstestaatrekeninge word die **beste** geverifieer deur die

A uitvoering van beheermaatreeltoetse

B bepaling van die bevoegdheid van die rekeningkundige personeel

C uitvoering van stawingsprosedures vir betalings

D uitvoering van analitiese prosedures

**1.2** Kies die **toepaslikste** alternatief om die volgende sin te voltooi

Die prosedures wat spesifiek in 'n ouditprogram uitgestippel word, is hoofsaaklik ontwerp om

A regsgedinge te voorkom

B foute of onreelmatighede op te spoor

C ouditbewyse te versamel

D om aan die Onafhanklike Rekenmeesters- en Ouditeursraad *(IRBA)* se vereistes te voldoen

[BLAAI OM]

**1 3** Kies die **toepaslikste** alternatief om die volgende paragraaf te voltooi

Die ouditeur behoort wesenlikheid en die verhouding daarvan met ouditrisiko tydens die uitvoer van 'n oudit te oorweeg  Indien 'n ouditeur ouditrisiko as hoog beoordeel, sal hy die wesenlikheidsyfer as

A hoog stel, aangesien daar 'n moontlikheid is dat 'n wesenlike wanvoorstelling kan opduik wat nie deur die interne beheermaatreels opgespoor word nie

B hoog stel, maar die omvang van die beheermaatreeltoetse uitbrei om wesenlike wanvoorstellings op te spoor

C laag stel, maar die omvang van die beheermaatreeltoetse uitbrei om wesenlike wanvoorstellings op te spoor

D laag stel, maar die omvang van die stawingsprosedures uitbrei

**1.4** Kies die **toepaslikste** alternatief om die volgende sin te voltooi

Tydens 'n oudit, oorweeg 'n ouditeur in die algemeen 'n geouditeerde se vermoe om as 'n lopende saak voort te gaan

A terwyl 'n algehele oorsig van die finansiele inligting uitgevoer word

B tussen die datum van afhandeling van die oudit en die datum van ondertekening van die ouditverslag

C regdeur die ouditproses

D terwyl die oudit beplan word

**1 5** Watter een van die volgende alternatiewe sal **nie** as 'n verwantepartytransaksie beskou word nie?

A 'n Voorskot van een week se salaris aan 'n werknemer

B Die verkoop van handelsvoorraad met abnormale waarborge aan 'n filiaal

C 'n Lening aan 'n maatskappydirekteur

D Die verruiling van motorvoertuie tussen twee maatskappye wat deur dieselfde persoon besit word

1.6 U is 'n ouditsenior wat besig is om die ouditwerkspapiere wat die leerlingrekenmeesters voorberei het na te gaan. U fokus op die waardasie van handelsdebiteure. Watter een van die volgende ouditbewysbronne sal u as die **betroubaarste** beskou?

A 'n Ondertekende bestuursbevestigingsbrief vanaf die bestuur van die geouditeerde, wat aandui dat die handelsdebiteure korrek waardeer is

B 'n Afleweringsnota uitgereik deur die geouditeerde en deur die geouditeerde se klant onderteken is

C Bevestiging van 'n handelsrekening saldo wat deur die ouditeur gepos en deur die rekeninghouer direk aan die ouditeur teruggepos is

D 'n Ouderdomsanalise wat deur die geouditeerde se kredietbeheerder voorberei en deur die finansiële bestuurder nagegaan is

1.7 Watter een van die volgende ouditprosedures word gewoonlik laaste uitgevoer?

A Deurlees van die notules van direkteursvergaderings

B Verkryging van eksterne bevestigings vanaf langtermynleners

C Verkryging van 'n bestuursverklaringsbrief

D Ooreenstemming van openingsaldo's met die vorige jaar se finansiële state

1.8 'n Ouditeur voer 'n ouditprosedure uit om te bepaal of al die voorraad waarvoor die geouditeerde gefaktureer is, wel ontvang is. Watter een van die volgende alternatiewe sou die **aanvanklike** populasie uitmaak waaruit 'n steekproef gekies behoort te word?

A Voorraadrekords

B Verskaffersfakture

C Gekanselleerde tjeks

D Ontvangsterekords

**1.9** Watter een van die volgende alternatiewe, in vergelyking met mekaar, beskryf die **betroubaarste** soort ouditbewyse wat 'n ouditeur kan versamel?

A Fisiese inspeksie deur 'n ouditeur nadat eienaarskap geverifieer is

B Berekeninge deur 'n ouditeur uitgevoer, gegrond op 'n geouditeerde se rekeningkundige inligting en rekords

C Telefoniese bevestigings van derde partye aan 'n ouditeur

D Dokumentêre bewyse wat aan 'n ouditeur voorgelê word wat deur 'n geregistreerde rekenmeester by SAIGR voorberei is

**1.10** U het die oudit van Challenging (Edms) Bpk afgehandel en die finansiele state openbaar wesenlike onsekerhede met betrekking tot toekomstige gebeure Die uitkoms van die toekomstige gebeure kan nie met redelike sekerheid voorspel word nie

Kies die **toepaslikste** ouditmening wat u onder die omstandighede sal vorm

A Ongekwalifiseerde

B Ongekwalifiseerde, met 'n beklemtoningsparagraaf

C Gekwalifiseerde

D Ongunstige

## VRAAG 2 — **10 punte**

Die mediumgrootte ouditeursfirma waar u tans u opleidingskontrak uitdien, bestaan uit sewe vennote Voordat 'n nuwe klient aanvaar word, hou die vennote 'n vergadering om te besluit of die potensiele aanstelling aanvaar sal word of nie

Fourways Engineering (Edms) Bpk, 'n ongenoteerde, mediumgrootte ingenieursmaatskappy, wil nou oorskakel na die ouditeursfirma waar u u opleiding ontvang In Fourways Engineering (Edms) Bpk se portefeulje, het die direksie verskille in die interpretasie van rekeningkundige beleid as rede aangevoer Die direksie wou nie nadere besonderhede verskaf nie Toestemming is deur die direksie geweier om u firma in staat te stel om met die vorige ouditeure in verbinding te tree Deel van die portefeulje het die nuutste geouditeerde finansiele state ingesluit, maar die ouditeursverslag is weggelaat

Die direkteure het u meegedeel dat die bedryfsverlies in die huidige jaar toegeneem het

**VERLANG** **Punte**

Bespreek, met redes, of u firma die aanstelling van die bogenoemde voornemende klient behoort te aanvaar of nie (10)

## VRAAG 3 — 40 punte

In Oktober 2008 het die media verslag gedoen oor 'n beduidende boete (R3,7 bn) wat op 1 Oktober 2008 opgelê is deur die Europese Unie, op 'n filiaal van 'n houer maatskappy, wat op die JSE beurs genoteer is Die boete moes binne drie maande vanaf 1 Oktober 2008 betaal word

Die filiaal was vermoedelik deel van 'n prysvasstellingskartel Die eerste ondersoek in die verband het in April 2005 in aanvang geneem

Die finansiele jaarstate van die genoteerde houer maatskappy vir die jaar geeindig 30 Junie 2008 het geen voorsiening vir die boete in die state geskep nie Die uitvoerende hoof het aangevoer dat die boete nie voorsien kon word nie omdat die omvang van die boete nie op daardie stadium bereken kon word nie Die eksterne ouditeure het die finansiele state op 5 September 2008 afgeteken Die finansiele state het egter besonderhede van die Europese Kommissie se ondersoek deur middel van 'n nota as deel van 'n voorwaardelike aanspreeklikheid getoon Geen beraming van die moontlike boete was in die nota gemeld nie

**VERLANG** **Punte**

**3.1** Beskryf die houding en handelinge van die ouditeure van die filiaal maatskappy om te verseker dat oudit inderdaad met die nodige sorg uitgevoer was (18)

**3.2** Beskryf die verskil tussen 'n aansuiwerings- en nie-aansuiwerings gebeurtenis vanuit 'n rekeningkundige oogpunt beskou (6)

**3.3** Dui aan of u saamstem of nie met die wyse waarop die boete as 'n nie-aansuiwerings gebeurtenis geopenbaar was in die finansiele state (7)

**3.4** Beskryf die ouditprosedures wat u sal uitvoer om genoegsame gepaste bewyse te verkry om 'n voorwaardelike aanspreeklikheid teen 'n billike waarde op jaareinde te beraam (9)

## VRAAG 4

**35 punte**

U was jare lank Sweetwaters Wine Estate (Edms) Bpk se eksterne ouditeur

Kort ná die finansiele jaar wat op 28 Februarie 2009 geeindig het, het die wynmaker, Daisy Totter, met u in verbinding getree Volgens haar het die voorraadvlakke laag gelyk teenoor die verwagte voorraad aan die einde van die jaar en sy was bekommerd daaroor U het die voorraadopname aan die einde van die jaar bygewoon en dit was na u mening akkuraat Daisy het u versoek om die saak verder te ondersoek

Sy het die volgende inligting verskaf

**1. Besonderhede oor die plaas**

| Kelder en huis | Cabernet-wingerde | Chardonnay-wingerde | Gastehuise |
|---|---|---|---|
| 2 hektaar | 10 5 hektaar | 12 5 hektaar | 4 hektaar |

**2. Syfers vir die afgelope drie jaar**

| Ton druiwe geoes | 2009 | 2008 | 2007 |
|---|---|---|---|
| Cabernet | 512 | 495 | 514 |
| Chardonnay | 450 | 590 | 470 |
| Totale aantal ton | 962 | 1 085 | 984 |
| | | | |
| **Produksie in liter** | 140 000 | 160 000 | 155 000 |
| **Verkope in liter** | 155 000 | 165 000 | 170 000 |

Die aantal liter word elektronies vanaf die parsproses tot by die opgaartenks gemeet en outomaties aangeteken Die syfers word deur die rekenaar uitgedruk en is na u mening akkuraat

**3. Wynvoorraad**

| | 28/2/2009 | 01/03/2008 |
|---|---|---|
| Tenks (liter) | 2 500 | 16 000 |
| Vate (liter) | 4 000 | 14 000 |
| Bottels (750 ml) | 2 950 bottels | 4 620 bottels |

**4.** Volgens die mees onlangse wynbedryftydskrif is 2% 'n aanvaarbare verspillingsnorm vir produksie in die streek

**5.** "KC6" vorms met verkoopsbesonderhede en produksie-inligting word maandeliks voltooi en dikwels deur die wynbeheerliggaam gekontroleer

**VERLANG** **Punte**

**4.1** Stel 'n rekonsiliasie op vanaf begin- tot eindvoorraad wat enige onverklaarde tekort aan liters wyn soos op 28 Februarie 2009 sal toon (7)

**4.2** Beskryf die ouditprosedures om die syfers wat in die rekonsiliasie gebruik is te verifieer U antwoord behoort die nodige berekeninge en analitiese oorsig prosedures in te sluit (28)

©
UNISA 2009